# Antwoorde

## Kwartaal 1 Week 1

### IL1 Daar was eens

**1** Die woud het baie bome en plante terwyl die voorstad baie geboue en mense het.
**2** Die storieverteller probeer 'n feëverhaal vertel.
**3** Die kritikus in die storie kritiseer baie aspekte in die storie en probeer dit sy eie storie maak, en nie die storie wat die storieverteller wou vertel nie.
**5** Leerderreaksie, byvoorbeeld: Vrouens word gebombardeer deur die media en advertensies wat "perfekte skoonheid" voorstel en dit gee die indruk dat alle vroue na hierdie idee moet streef.
**6** Leerderreaksie, byvoorbeeld: Nee, ek dink nie die kritikus is regverdig nie, omdat die feëverhaal alle lande en rasse insluit en transendeer, en gaan oor die universele tema dat dinge beter kan word, al kom hulle tans sleg voor.
**7** Meisies en vroue word die heeltyd gekonfronteer met hoe hulle moet lyk wat skoonheid en gewig betref. Gewig is 'n kwessie wat verband hou met gesondheidskwessies.
**8** Opbouende kritiek bied 'n oplossing, in teenstelling met afbrekende kritiek.

### IL2 Jou eie "Daar was eens ..."

**1** Leerders herlees die storie in die vorige oefening.
**2** Leerders skryf 'n storie wat hulle dink die kritikus sal bevredig.

### IL3 Mansa Musa, die rykste mens in die geskiedenis

**1** Toe Mansa Musa in 1312 gekroon is, is hy die naam Mansa gegee, wat koning beteken.
**2** Sy geraamde waarde in rand is $400 miljard x 15 = R6 000 miljard = R6 biljoen.
**3** 'n Nalatenskap is dit wat nagelaat word, of 'n erfenis.
**4** Sy nalatenskap sluit skole, 'n moskee en 'n groot universiteit in.
**5** Leerderreaksie, byvoorbeeld: Musa Mansa was 'n sterk leier wat sy mense oortuig het om meer lande te annekseer. Hy was ook gelowig en het 'n epiese pilgrimstog na Mekka onderneem. Mansa Musa was toegewyd aan onderwys, en het baie skole en 'n groot universiteit nagelaat as deel van sy erfenis.
**6** Mansa Musa was toegewyd aan onderwys, en het baie skole en 'n groot universiteit nagelaat as deel van sy erfenis.
**7** Leerderreaksie, byvoorbeeld: Ja, die hooffeite is dieselfde as in die Sosialewetenskappehandboek.